# DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

GROEI en DIEN

25 FEBRUARIE 2022

## INHOUD

MUSIEK NR. 1
INTERHOËRSWEM
TOETSE
WONNIE IDOLS
UITTEKEN REËLS

## INTERHOËR ATLETIEK WENNERS



Dit het begin met 'n droom en nou kan ons spog dat dié droom 'n realiteit geword het!

14 Aktiwiteitsperiodes en ure se oefening later, spog die Wonnies met die sege as Interhoër-Wenners! Wonderboom is ook dankbaar om dan vanaf volgende jaar ingesluit te wees in die B-bond atletiekliga.

Die Hoërskool Wonderboom spog met die volgende prestasies:

- 'n Groottotaal van **2364.5 punte** op die tabel (Die Wonnies wen dus met 203 punte).
- `n Totaal van **77 medaljes** is verower deur die Wonnies (27 Goud, 27 Silwer en 23 Brons).






*"Showers of Blessings!"*



# INTERHOËR WENNERS



# NOMMER 1 IN MUSIEK




Na afloop van die 2021 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is Die Hoërskool Wonderboom aangewys as die nommer een in die distrik in die vak, Musiek.


Die musiekdepartement is ook onder die Top 15 van die provinsie ingesluit.

Baie geluk aan die leerders en mnr. A Eloff. Ons het groot waardering vir julle harde werk!

# SWEMINTERHOËR WENNERS



Wonderboom se seëninge vermeerder steeds. Ons is dankbaar om met trots aan te kondig dat Wonderboom ook die wentitel losgeslaan het tydens die Interhoërswem. Elke Wonnie se tye het verbeter en Wonderboom wen met 'n groottotaal van 268 punte. Baie geluk aan elke Wonnie!




Interhoër
SWEM
#1
WENNERS
GROEI en DIEN

# THERON'S MEAT
## FACTORY SHOP





**185 CHARLOTTE MAXEKE STREET PRETORIA WEST**

# BOEREWORS BONANZA!!!

## 25 – 26 February 2022

**5KG THERON'S BOEREWORS**

## FOR ONLY R265.00

**BRING THIS FLYER AND ENTER INTO THE LUCKY DRAW FOR A R500 SHOPPING VOUCHER**

**CALL US: 012 327 3200/2483/3939**
**WHATSAPP: 076 537 1524**
**WHILE STOCKS LAST**

## TOETSE

Na afloop van die pragprestasies deur ons atlete en swemmers, sien ons uit na die prestasies wat leerders in hul toetse gaan lewer.

Die toetse begin op 28 Februarie. Let daarop dat toetse aan die einde van die dag geskryf word. Graad 10-12 word deur hul graadhoofde ingedeel in klasse vir die skryf van die toetse. Indien 'n Graad 10-12 leerder op 'n spesifieke dag nie toets skryf nie, mag hul met die aanvang van die toetsperiode huis toe gaan. Maak asseblief seker van die toetsdatums. Geen leerder kan op ander dae of tye geakkommodeer word om toetse te skryf nie. Slegs leerders wat 'n doktersbrief inhandig, wat aandui die leerder was nie in staat om toets te skryf nie, sal toegang tot 'n sieketoets verkry. Dié sieketoetse moet egter ook voor die einde van die kwartaal afgehandel word. Sterkte aan al die Wonnies!






# WONNIE IDOLS

Baie geluk aan die volgende Wonnies wat verkies is as finaliste vir vanjaar se Wonnie Idols kompetisie. Baie sterkte!




| FINALISTE | |
|---|---|
| CLARICE | DE LANGE |
| CARIKE | JANSEN |
| HESTIE | ODENDAAL |
| MARCO | REINERS |
| KUTLWANO | MAAGA |
| SUMARI | LANDSBERG |
| IYANTHE | FERREIRA |
| SONIQUE | DEYSEL |
| ESRIE | VENTER |
| SARAH | VAN WYK |
| DANELLE | ODENDAAL |
| MARONÉ | VAN ZYL |
| AMEE | VAN DER MERWE |
| MADELEINE | PRETORIUS |
| MARTHINETTE | BEETGE |

# UITTEKEN: REËLS

Let asseblief daarop dat leerders wat uitteken tydens skoolure, slegs deur ouers opgelaai moet word by die hoofhek, geen ander plek nie. Géén leerder sal toegelaat word om self huis toe te stap nie.

Indien ‘n leerder gedurende skoolure gaan uitteken, moet die ouer reeds die oggend waarop die leerder gaan uitteken, ‘n e-pos stuur aan ontvangs@wonnies.co.za om die skool in kennis te stel dat die leerder die skool vroeër gaan verlaat.

Die ouer moet ‘n briefie aan die leerder gee, waarop die datum, tyd en rede vir uitteken aangedui word. Die leerder moet hierdie briefie by hom/haar hou en aan sy/haar klas-onderwyser toon om die klas op die aangeduide tyd te mag verlaat. Die leerder kom dan na die Algemene Kantoor sodat hy/sy uitgeteken kan word op die administrasie-stelsel.

Géén leerder sal deur die kantoor uitgeroep word gedurende klastyd nie! Die ouer wag by die hoofhek totdat die leerder opdaag.

Indien ‘n leerder gedurende skoolure siek word, moet hy/sy na die Algemene Kantoor gaan, waar die ouers dan deur die skool geskakel sal word.

Géénleerder mag self hulle ouers kontak om hulle te kom haal nie.

**Vriendelike groete**

Mnr. M Iezar

Skoolhoof